

Afrikaans vir Almal – Charl Cowley

Ek staan by die kasregister in die supermark. Ek laai my koffiebone op die toonbank soos die jong dame agter my na die voorblad van 'n glanstydskrif beduie waarop 'n blonde prikkelpop pronk. “*Check 'it uit, mô*”, sê sy in haar swaarste Pretoria-aksent. “Kyk hoe *awesome* lyk haar hare. Dink mô nie ek sal *great* lyk met so 'n *pony* nie?” Ek sug, lui my inkopies op en stoot die waentjie na my kar toe terwyl ek die woorde van die gerekende Afrikaanse-historikus, Fransjohan Pretorius, herroep. Hy het gesê dat Afrikaans se meestersverhaal nie moet word soos 'n klippie wat jy in 'n plaasdam gooi nie: “Dit maak vir 'n tyd lank rimpels, maar mettertyd skuif die rimpels uit en verdwyn.”

As mens die interaksie tussen die Ma en haar taalvermengende tiener moet neem as maatstaf, steek daar beslis waarheid in hierdie stelling. 'n Waarheid wat jou laat vrees vir die behoud van Afrikaans. 'n Taal wat in die twintigste eeu gegroei het van 'n jong Nederlandse dialek na 'n volwasse akademiese taal met volmondwoorde soos steekproefkorrelasiekoeffisiënt en gespikkeldeminiatuurgroentekewer.

Ek sit later op die stoep met 'n koppie boeretroos en doop 'n stafie karringmelkbeskuit in die pikswart mengsel en dink “Basta! So 'n negatiewe houding staan my glad nie aan nie.” Afrikaans as akademiese taal is gewis in gedrang, maar as 'n taal wat hartsnare roer met poësie, prosa en musiek, is Afrikaans nog lank nie onder die kluite nie. Selfs al word die volk wat die taal praat, wêreldwyd gespat deur die aantreklikheid van groener weivelde in Kanada, Australië en die grys en grou Verenigde Koninkryk.

Soos ek die saak sien, sal Afrikaans eers in gedrang kom wanneer ouers ophou om volksliedjies uit die FAK vir hul kinders te sing. Die laaste stuiptrekkings sal eers kom wanneer tienerseuns ophou om liefdesbriewe aan blosende dames te skryf. Werklik, die witvlag sal eers gehys word wanneer die laaste Afrikaner ophou om die volslae vreugde en ware wonderlikheid te ervaar van nuwe woorde skep vir 'n nuwe wêreld.

Afrikaans se behoud rus dus nie op die skouers van die handjievul akademici wat die taal stylgetrou toepas nie. Dit rus eerder in die hande van Jan en San Alleman wie die taal gebruik en soms ter wille van eksperimentasie en vernuwing – misbruik. Maak g'n fout nie, dit is nie altyd maklik nie en ons moet harder werk as die dame in die

winkelsentrum wat woorde soos “fantasties” en “asemrowend” opsy skuif vir hul Engelse eweknieë.

Die feit dat die Afrikaanse volk nou meer wyd verspreid as ooit is, is ook ‘n geleentheid. Ons kan van Kaapstad na Calgary en van Pretoria na Perth elkeen klein klippies van Afrikaans in die see gooi. Ons kan woorde aan volksvreemde tale leen en inspirasie uit ander se volksmond put. Sodoende kan Afrikaans se rimpelings in golwe verander en werklik ‘n taal vir almal wees en bly.